# Eenheid 3 Nelson Mandela

**SLEUTELVRAAG**

Hoekom is Mandela 'n voorbeeld van 'n goeie leier?

Oor die jare heen het talle goeie leiers vir **menseregte** geveg. Hierdie manne en vroue was nie bang om te praat teen verkeerde dinge nie, selfs as dit beteken het dat hulle tronk toe moes gaan of met hul lewens moes boet. Een so 'n mens is Nelson Mandela.

**Menseregte** – 'n geloof oor hoe mense hanteer moet word

G

## Aktiwiteit

1. Bespreek wat julle reeds van Nelson Mandela weet.
2. Sou julle hom graag wou ontmoet? Verduidelik hoekom.
3. Maak 'n lys van drie dinge wat julle graag oor Nelson Mandela sou wou uitvind.

### Nelson Mandela

Nelson Mandela is op 18 Julie 1918 in Mvezo in die Transkei gebore. Sy ouers het hom Dalibungha Rolihlahla Mandela genoem. Sy onderwysers het veel later vir hom die naam "Nelson" gegee. Mandela het sy vroeë kindertyd in die plattelandse dorpie Qunu naby Mthatha in die Oos-Kaap deurgebring. Hy het vee opgepas en die plaaslike sendingskool bygewoon. In sy vrye tyd het hy met die ander seuns van die dorpie gespeel: hulle het in die strome geswem, speelgoed van modder gemaak en met stokke baklei. Saans het die familie kos geëet wat oor 'n oop vuur gaargemaak is voor hulle in hul modderhut met die grasdak gaan slaap het.



Die dorpie Qunu.